

Ds. A. W. C. Bester
Nieuwoudtville
8 Mei 1966

Onderwerp: Dawid en Absalom
Biddag vir die Jeug

Lees: 2 Samuel 18 verse 1-6, 9-15, 21, 32-33

Teks: 2 Samuel 18 vers 33

Sing: Psalm 84 vers 1
Gesang 156 vers 1
Gesang 100 vers 7

“Oor die algemeen het die jeug in hierdie dinamiese tyd geen of weinig waardering vir die erfenis van die verlede. Hulle voer dit terug na die voorbeeld van ’n ouer geslag, wie se gedrag lynreg indruis teen dit wat hulle Sondae in die kerk bely. Weens hierdie ontnugtering, só bely hulle, het die God van hulle vaders vir hulle soos ’n dooie geword.

“Hierteenoor is daar vanmôre vir ons ’n les en ’n waarskuwing in die geskiedenis van die mislukte Absalom en sy bedroefde vader.

“Die geweeklaag van Dawid, daarvan is ek oortuig, was deur die jare heen al die weeklaag van menige ouer: ‘My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!’ (2 Sam 18:33) Netso, was die uiteinde van Absalom sekerlik ook die einde van menige belowende jong lewe.

“Vanmôre wil ek twee dinge in hierdie verhaal beklemtoon: die Seun wat hang; en die Vader wat weeklaag.

“1. Die seun wat hang:

“Absalom, seun van Dawid by Máãga, se naam beteken ironies genoeg: ‘Vader van vrede’. Hoe anders was sy lewe en die uiteinde daarvan nie. Absalom was ’n koninklike kind. Hy het in ’n paleis groot geword met die voorregte en weelde van die koninklike tafel. Skitterende eienskappe het sy jonglewe versier, tot só ’n mate dat hy die bewondering van die hele Israel gehad het. Selfs die skrywer was in vervoering oor Absalom se lewe: ‘En in die hele Israel was daar geen man so mooi soos Absalom, so geprys nie: van sy voetsool af tot sy hoofskedel toe was daar geen gebrek aan hom nie.’ (2 Sam 14:25) Sy besondere bos hare wat

sy skoonheid en aansien verhoog het, was sy trots. En verstandelik was hy begaafd. Vir vier jaar kon hy 'n komplot teen die koning smee en hy het geweet hoe om dit uit te voer. In die poorte van die stad kon hy elkeen na die mond praat: aan die heerssugtiges het hy regeringsposte belowe; aan die gegriefdes het hy reg belowe. Hy het soos 'n kunstenaar gespeel op die swakhede, vooroordele en emosies van die Israeliete; en met soveel lis dat elkeen hom as sy beste vriend gesien het.

“Broers en Susters, Absalom het alle gawes in uitnemende mate besit, alles behalwe die gawe van God in sy hart. En daarom was Absalom se lewe soos 'n meteor - kortstondig. Hy was vol dwaasheid, onheiligh en tot mislukking gedoem. Dit was 'n lewe wat geëindig het in 'n skandelige dood en 'n graf van oneer. Sy dood is deur niemand beween nie, behalwe deur sy diep bedroefde vader. Absalom se lewensverloop laat 'n mens aan die woorde dink: ‘Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?’ (Mark 8:36) Vuil soldate skoene het sy mooi liggaam vertrap; en na sy dood het 'n hoop klippe getuig van 'n lewe wat gebou was uit hout, hooi en stoppels - die verganklike dinge van die lewe.

“Hoe anders kon die lewe van Absalom nie geëindig het nie? Dit is ook die vraag wat vanmôre met reg van baie jongmense gevra kan word; en dit het grootliks te doen met die huislike opvoeding wat hulle ontvang het. Broers en Susters, dit wat die vader en die moeder saai, het 'n groot invloed op wat die kind gaan maai. Die voorreg om 'n ouer te wees, is 'n dure verantwoordelikheid en plig wat voor die troon van God tereg moet kom. Ons, as ouers en onderwysers, is elke dag besig om die reistas vir hulle lewens te pak: mooi maniere, eerlikheid, hoflikheid en boeke kennis. Maar is dit al wat daar moet wees? Kan hy of sy op hierdie dinge terugval wanneer hulle die veilige beskutting van u dak verlaat en Satan met helse woede op hulle aanstorm? Nee, Broers en Susters, God móét daar wees. Jesus Christus móét die Stuurman wees. Sonder Hom sal die een kwalifikasie op die ander wat die kind mag behaal, niks beteken nie.

“Hoe versigtig sou ons nie wees as ons vanmôre vooruit kon sien wat die wrange vrugte van die oes sal wees nie? Hoe sou ons nou, voordat dit te laat is, uitroep voor God: HERE, bewaar vir Absalom, my Seun, my Dogter wat vir my so kosbaar is? Hoe sou ons nie

nagte deurbring op ons knieë vir die heil van ons kinders se onsterflike siele nie?

“Maar hoe het dit in die huis van Dawid gegaan? Oënskynlik was alles reg. Op die oog af was daar geen sonde te bespeur nie. Wie sou kon verwag dat daar in die huis van Dawid, die man na God se hart, iets verkeerd kon gaan? En tog was daar so baie in Dawid se lewe en huis verkeerd: sy eie owerspel met Bátseba en toe die moord van haar man, Uria. Naas die bedorwe Absalon was daar Amnon wat, verlei deur die skoonheid van Absalon se suster, Tamar, haar verkrag het. Ja, die Satan het hier in hierdie godsdienstige tuiste sy prooi gevind.

“Kinders, die duiwel vra nie of dit ’n leraar, ouderling of diaken se huis is nie: ‘... die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou...’ (Gen 4:7) Hoe kan ons dan met ’n gewaagde bestaan voortgaan? Hoe lank kan ons nog die Ewigheid op die spel plaas?

“Daar staan so treffend van Absalom geskryf: ‘... sodat hy tussen hemel en aarde bly hang het, terwyl die muil onder hom wegloop.’ (2 Sam 18:9)

“Broers en Susters, elke mens is oppad. Die een op hierdie en die ander op daardie esel. Die een ry onbekommerd voort op sy besittings; die ander op sy bekwaamheid; en ’n ander op sy sjarme en uiterlike skoonheid. En dan is daar selfs hulle wat so selfvoldaan voortskommel op die rug van valse vroomheid en liefde in die kerk. En skielik gee die esel onder hulle pad. ’n Skokkende en pynlike ervaring as dit waarop jy jou lewe gebou het, skielik onder jou verdwyn en jy soos Absalom tussen hemel en aarde bly hang. Só hang daar vele volwassenes wat hulle fondament en houvas op die lewe verloor het. Mense wat op sand gebou het. Mense vir wie die waarde van die lewe in aansien lê; in die behendigheid op die dansvloer, die hoeveelheid skemerkelkies [alkohol] en ander nietighede wat die wêreld bied.

“Broers en Susters en Jongmense, alleen hulle wat op die rots, Jesus Christus, gebou het, kan staande bly wanneer die storms van sonde met helse woede op hulle lewens neerkom.

“Hoe stuur u, u kind die wêreld in? Is ons net bekommerd oor sy vordering op skool, sy prestasie in sport? Óf is u bekommerd en verontrus oor hulle geestelike lewe en -groei? Ons is dikwels skaam om met ons kinders reguit te praat oor hulle siele-lewe, omdat ons self nog só vêr van Jesus Christus af staan. Maar liewe Ouer, kom liever nou na God in

boetvaardigheid, as om eendag, as dit te laat is, uit te roep: 'Absalom, my seun, my seun!'

"2. Die vader wat weeklaag:

"Broers en Susters dit was 'n verskriklike dag. Absalom het met sy leërmagte oor die Jordaan getrek en was gereed vir die aanval. Ook die manskappe van Dawid was slagvaardig en het voor hom verby getrek, daar waar hy in die poort van Mahanáim gestaan het. Hy het daar gestaan, 'n geboë en gebroke grysaard, gehard in gedurige en menigvuldige oorloë en tog het hy gebewe soos hy nooit tevore in enige slag gebewe het nie. Hy het nie vir homself gevrees nie, maar vir Absalom. Hy het nie gevra wat van homself sou word as Absalom oorwin nie. Hy het net gevra, wat sou gebeur as Absalom die stryd verloor? En met 'n stem wat gebewe het van aandoening het hierdie vader vir sy generals gesê terwyl hulle verby ry - so hard dat almal dit kon hoor: 'Saggies met die jongman, met Absalom.' (2 Sam 18:5) Dit is die taal van elke reggeaarde vader, wat alles sal opoffer vir sy kind.

"Kan daar 'n groter teenstelling wees. Die gryse vader in die poort van die stad, smekend om genade vir sy seun. Hierteenoor is die seun, in sy jeugdige voortvarendheid en oormoedige krag, besig om sy makkers aan te por: Voorwaarts, veg dapper manne. Laat my vader julle mikpunt wees. Slaan hom neer waar julle hom ook mag vind.

"Ouer smart! Kan daar groter smart wees?

"Dit was mooi van Dawid om daar in die spruit met die gladde klippe en sy slingervel voor die magtige Goliat te staan en om met geloofsekerheid uit te roep: 'Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.' (1 Sam 17:45)

"Hoe pynlik is dit nou, om dieselfde Dawid bewend as grysaard te sien, gebreek, ja geheel gebreek, deur die leed en smart wat sy kind hom aangedoen het: 'My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!' (2 Sam 18:33) Dit is 'n uitroep van hopelose sielesmart.

Broers en Susters, dit is 'n geroep wat voortduur tot vandag toe, omdat Dawid en Absalom se tragedie weer en weer herhaal. Altyd weer is daar ouers wat kinders verwek en nie weet hoe om hulle te regeer nie en aan hulle 'n verderflike voorbeeld stel. Altyd weer word daar kinders gebore wat geen tug ken nie en geen

agting of eerbied vir hulle ouers het nie. Kinders wat geen waarde aan die gebod van God heg nie en lustig wandel op die pad van sonde. En Broers en Susters, as die kind dan maai wat hy saai, maai hy veel meer as wat hy gesaai het. Hy maai ook wat die ouer gesaai het.

“Saggies met die jongman’. As daar maar in die begin harder gehandel was, sou baie seker van hierdie smart gespaar gewees het.

“Maar Broers en Susters, hierdie tema is ook op die mensdom van toepassing. Die mens het sy lewe hier op aarde as koningskind begin. Ongekende weelde uit die hand van God was sy deel. Maar hy het téén sy Vader in opstand gekom en hom vergryp aan wat aan sy Vader behoort. Hy wou soos God wees. En in plaas van die kroon, het hy die dood geërf. En so loop die donkerdraad vanaf Adam, oor Absalom tot by ons. Die variasies is verskillend maar die tema is telkens dieselfde: sondige opstand wat hom te pletter loop teen ’n heilige God.

“Maar Broers en Susters, God laat vaar nie die werk van sy hande nie. God is vol ontferming. ‘Ag, as ek ... maar in jou plek gesterf het!’ Daar is ’n heilsprofesie in hierdie versugting van Dawid - heimweë na ’n Verlosser en ’n Plaasvervanger. En op Golgota is dit vervul toe God sy Seun, Jesus Christus, laat sterf het in die plek van die sondaar.

“My seun, my dogter, hoor jy dit! Jesus Christus, jou Heiland, klop aan jou opstandige hart: my seun en my dogter, Ek het in jóú plek gesterf sodat jý mag lewe!

“Die allerheerlikste boodskap is, daar is genade deur die Seun wat hang aan die kruis. Daar is genade vir die vader wat ween.

“Amen.”